

# ONWETTIGE JAG MET HONDE OP PLASE/ KOMMERSIELE LANDBOUGROND IN DIE VRYSTAAT

Vrystaat Landbou
Free State Agriculture
Tsa Temo Freistata

Opgestel deur Dr Jane Buys, Veiligheids risiko analis van Vrystaat Landbou (VL)

## 1. INLEIDING

Na aanleiding van misdaad veiligheids oorsigte wat maandeliks deur die VL Veiligheidslessenaar gedoen word, is opgemerk dat die onwettige jag met honde in sekere geografiese areas van die Vrystaat begin toeneem. Daarom is ŉ mentimeter vraelys opgestel waarby streek veiligheidsverteenwoordigers hul insette gelewer het. Die vraelys is toe versprei dmv veiligheids WhatsApp-groepe vir voltooiing deur boere wat met die tipe misdaad gekonfronteer word. Die terugvoer wat ontvang is vanaf boere/respondente word as volg hieronder weergegee. Dit is wel nie bekend hoeveel boere wat lede is van VL (georganiseerde landbou) en hoeveel boere wat primêr veeprodusente is, sukkel met die tipe van misdaad op hul plase nie. In terme van dit, is dit moeilik om die omvang en impak van die tipe misdaad op die kommersiële landbousektor in die Vrystaat te bepaal.

## 2. ANALISE VAN MENTIMETER OPNAME TOV ONWETTIGE JAG MET HONDE

Die mentimeter vraelys wat opgestel is, bevat 27 vrae. Dit blyk dat sekere van die vrae gestruktureerde vrae is, terwyl ander oop vrae is waartydens respondente antwoorde rakende hul siening/perspektiewe kan verskaf. ŉ Opsomming van die analise word kortliks hieronder weergegee.

### 2.1 *Opsomming van die mentimeter opname tov onwettige jag met honde op kommersiële landbou grond in die Vrystaat*:

Kortliks ŉ opsomming wat die kern aspekte van die mentimeter opname tov die onwettige jag met honde op kommersiële landbou grond in die Vrystaat bevat:

***Misdaad patroon:*** Dat 83.86% van boere het gemeld dat hul die tipe misdaad ondervind op hul plase, en dat hul dit weekliks ondervind (46.25%); meer as 75% van boere het aangedui dat hul onwettige jag met honde maandeliks op hul plase ervaar; 53.27% van boere meld dat jagters in nagtelike ure op hul plase opdaag – net so vind 46.73% van jagte gedurende die dag plaas; 84.74% van jagte vind oor naweke plaas en dat jagte nie beperk is tot enige maand van die jaar nie, dat dit partykeer gedurende skoolvakansies en volmaan periodes veral plaasvind;

***Statistieke:*** Gedurende die inperkings periode (26 Maart tot 31 Mei 2020) het 433 boere aangedui dat hul oor die 768 insidente op hul plase ondervind het, dus tussen 1 tot 2 insidente per plaas; 410 boere het gemeld dat hul meer as 1 650 insidente in ŉ jaar ondervind op hul plase, dus so 4 insidente per jaar;

Dat 53.7% van boere meld dat die tipe misdaad ŉ groot probleem in hul area Dat 55.36% van boere meld die tipe misdaad glad nie aan by die polisie nie; Redes hiervoor is grotendeels die reaksietyd van die polisie, as hul opdaag is die jagters is alreeds weg, daar is nie altyd polisie voertuie beskikbaar nie, die polisie beskou dit nie as ŉ ernstige misdaad nie, en in sekere gevalle wil hul nie uitkom nie, hul tree nie

teen die jagters op nie, daar word weinig ondersoek ingestel rakende die tipe misdaad;

***Modus operandi***: Amper 75% van boere meld dat persone in groepe bestaande uit 3 tot 10 persone met honde op plase opdaag om te jag; meer as 75% van boere meld dat 3 tot 10 en selfs meer honde op een slag gebruik word deur oortreders om op plase te jag; in 86.67% van insidente blyk dit asof jagters per voet opdaag op plase, dit is wel so dat in 13.3% boere aangedui het dat plase ver geleë is vanaf dorpsareas en dat voertuie die jagters na en van die plase vervoer;

***Oortreders:*** Dat in 61.34% het boere aangedui dat kinders wat minderjarig is, betrokke is by die pleging van die tipe misdaad; wanneer kinders gevang word, blyk dit dat die polisie die kinders vrylaat in die sorg van hul ouers, dat hul nie aangehou en voor die hof gebring word en dus vervolg word nie;

Wanneer die boer die jagters vind en konfronteer dan in nagenoeg die helfte van insidente koggel jagters die boer en hardloop weg; hul raak arrogant, aanmatigend, selfversekerd dat hul niks gaan oorkom as polisie opdaag nie, hul maak soos hul wil en sien dit nie as ŉ oortreding nie en dreig die boer met wraak of uitsprake van rassisme (48.25%);

***Rede/motief vir die tipe misdaad***: Rede / aanleidende oorsake of motief vir die onwettige jag met honde, het nagenoeg ŉ derde (32.84%) van boere gemeld dat dit as gevolg van honger vir vleis/kos is; gevolg deur nagenoeg 30% (29.55%) van boere wat van mening is dat die tipe misdaad ŉ tipe van sport geword het onder die swart bevolking, dat dit trofee jag is met groot geld ter sprake vir die hond wat die meeste wild vang, asook tradisie/kultuur en ŉ tipe van tydverdryf en avontuur beskou word onder ŉ groot gedeelte van swart bevolking;

Op die vraag welke onwettige jag met honde op ŉ georganiseerde wyse plaasvind, het 44.19% van boere gemeld dat dit so is, dat in groepe gejag word, dat daar ŉ mark is waar die vleis verkoop word, dat honde goed opgelei is, dat groot getalle persone betrokke is en dat geld betrokke is;

***Tipe diere geteiken:*** Dat in 91.1 % van gevalle word wildsbokkies geteiken, gevolg deur hasies (77.68%) en vlakvarke/ystervarke (75.89%); boere is van mening dat in 41.66% van sodanige insidente dit verband hou met veediefstal waar skape, kalfies en boerbokke gesteel word vanaf plase;

***Tipe misdade ter sprake:*** Misdade wat verband hou met die onwettige jag met honde is betreding die grootste (87.39%), gevolg deur kwaadwillige saakbeskadiging (61.56%) Wild diefstal (55.55%) en Veediefstal (46.85%);

***Verliese wat boere lei***: Dat nagenoeg 40% van boere (39.12%) meld dat hul maandelikse verliese agv die tipe misdaad tussen R1 000 tot R5 000 is, dat 22.4% meen dat hulle verliese tussen R5 000 en R10 000 per maand is agv die tipe

misdaad – beteken dat 317 boere gemeld het dat hul verliese itv onwettige jag met honde jaarliks wissel tussen R736 000 tot R1.45 miljoen;

***Wat moet Strafregstelsel doen:*** Dat 95.03% van boere van mening is dat die polisie nie suksesvol is om die tipe misdaad aan te spreek nie; en dat 67.71% verder van mening is dat misdaad voorkomings operasies geensins beplan word op die tipe misdaad nie; Dat 88.61% van boere meld dat die tipe misdaad nie skuldig bevindinge in die howe bekom nie;

Die tipe klagtes wat ter sprake is wanneer onwettige jag met honde by die polisie aangemeld word, is Betreding (90.71%), Kwaadwillige saakbeskadiging (39.29%), Veediefstal (36.78%) en die Wet op Dierebeskerming (34.64%);

Op die vraag wat gedoen moet word om die tipe misdaad effektief aan te spreek, het 46.95% van boere gemeld dat die polisie hul werk behoorlik moet doen, bestaande wetgewing moet toepas, volledige ondersoek van sake moet plaasvind, oortreders moet voor die hof gebring word, misdaad voorkomings operasies/patrollies moet plaasvind, informante netwerk moet uitgebrei word ten einde vooraf inligting te bekom, korrupte SAPD lede wat betrokke is by die misdaad geïdentifiseer en geskors word; howe moet swaarder vonnisse neerlê wat as afskrikmiddel kan dien en jagters aanspreeklik gehou word vir die skade wat hul aanrig (8.60%).

***Ander departemente wat betrokke moet raak:*** Nagenoeg 10% van respondente het gemeld dat munisipaliteite moet hondebelasting en permitte uitreik in terme van bywette wat sal bydra dat die tipe misdaad verbied en beter gereguleer word; dat boere die honde kan skiet wanneer hul besig is om in hul veld te jag met oprigting van die nodige waarskuwings borde; en die DBV meer betrokke moet raak met die skut van die honde en in terme van suksesvolle vervolging in howe;

Uit voorafgaande opname onder landbouers wat naastenby 10% tot 15% van kommersiële boere in die Vrystaat verteenwoordig, is dit duidelik dat onwettige jag met honde ŉ groot probleem vir boere op plase inhou. Die skade en verliese wat aangerig word itv heinings/drade, dat diere veral in nagtelike ure in padreserwes beland waar dit ongelukke veroorsaak en deur voertuie raakgery word; dat jagters in min gevalle gevang word, voor ŉ hof gebring en skuldig bevind word. Dat die tipe misdaad georganiseerd van aard is, dat daar ŉ mark bestaan itv afsetgebied vir vleis, dat trofee jag en opgeleide hond in groot getalle mens en dier hierby betrokke is, dat daar wel ŉ honger na vleis/kos ook hier ter sprake is. Dat jagters van mening is dat hul nie enige wette oortree nie, dat hul ŉ reg het om op ŉ boer se privaat grond op te daag, dat hul ook nie iets gaan oorkom nie (strafregtelik). Dat die tipe misdaad geensins deur die Kriminele Regstelsel ernstig opgeneem word nie, dat ŉ verskeidenheid van misdrywe deur jagters gepleeg word en dat die Regstelsel in baie gevalle die boer faal ten einde sy reg om sy eiendom te beskerm, verdoesel. Die tipe misdaad moet met groter erns deur die Strafregstelsel aangespreek word.

## 3. AANBEVELINGS RAKENDE DIE PAD VORENTOE:


Die volgende aanbevelings word gemaak rakende die hantering van die misdaad probleem in Landelike gebiede/boerdery gemeenskappe:

- Onwettige jag met honde is vervat in die Landelike Beveiliging Strategie met implementerings riglyne, asook Agri SA riglyne en beleids instruksies vir die polisie oor hoe om die tipe misdaad aan te spreek. Skynbaar word dit nie korrek toegepas nie as respondente se terugvoer in ag geneem word. Dit beteken dat die nodige instruksies en riglyne weer onder alle polisie beamptes en veral Landelike Veiligheids koördineerders van die polisie gebring word vir toepassing wanneer sodanige insidente by die GDS/stasies gerapporteer word.
- Die Polisie moet verseker dat sodanige klagtes nie net in Voorvalle Boeke geskryf word nie, dat daar 'n dossier/saak geopen en geregistreer word, dat al die nodige verklarings vanaf die klaer en die grondeienaar bekom word, dat al die toepaslike klagtes itv wetgewing en oortredings op die dossier aangebring word.
- Dat waar kinders betrokke is, hul nie net in die sorg van hul ouers vrygelaat word nie, maar dat afhangend van die skade berokken en ook of die oortreding by herhaling plaasvind, hul voor 'n kinderhof gebring en vervolg word.
- Dat die polisie en ondersoekbeamptes verseker dat dossiere geopen die nodige aandag geniet, en waar oortreders op tonele gevind, hul gearresteer word, die nodige ondersoek gedoen word, hul voor die hof gebring word en boere voortgaan met sake sodat daar uiteindelik 'n vonnis gevel kan word.
- Dat boere seker maak dat hulle alle insidente tov onwettige jag met honde aanmeld by die polisie sodat al die insidente in 'n sekere geografiese area geboekstaaf kan word. Dit is belangrik in terme van moontlike georganiseerdheid rakende die misdaad asook om die regte MPA te kan bekom rakende patrollies en misdaad voorkomings operasies.
- Waar voertuie betrokke is by die vervoer van honde en jagters, sodanige voertuie gekonfiskeer word en waar sodanige voorvalle by herhaling plaasvind, die voertuie verbeurd verklaar word aan die staat.
- Daadwerklike ondersoek moet ingestel word deur ondersoek beamptes in samewerking met Misdaad Intelligensie om afsetgebiede/markte vir vleis wat deur onwettige jagte bekom word, te bepaal.
- Dat boere moet seker maak met hul werkers op veeposte en verafgeleë plase, dat werkers nie by magte is om enige toestemming te verleen vir jagters om op plase te jag nie.
- Dat die DBV geskakel moet word en dat daar op die honde beslag gele en geskut word.
- Munisipaliteite moet betrokke raak by die uitreik van honde lisensies en inspekteurs wat moet toesien dat woonbuurtes deurlopend besoek word vir nakoming van bywette.

- Dat boere moet ook die nodige waarskuwings borde in hoë risiko areas aanbring wat aandui dat onwettige jag met honde verbode is op plase.
- Landelike Veiligheids koördineerders van die polisie moet ook bewusmakings veldtogte loods onder werkers en bewoners op plase rakende die tipe misdaad.
- Media bewusmaking moet ook geskep word ook op plaaslike radio stasies rakende die tipe misdaad, dat dit onwettig is vir jagters om privaat grond van boere te betree.
- Patrollies en misdaad voorkomings operasies moet in hoë risiko areas deur die polisie en landbouers van stapel gestuur word. Waar kamera stelsels in plek is, moet beweging van verdagte persone en voertuie gemonitor word ten einde voorkomend te kan optree.
- Die Departement van Omgewingsake (Natuurbewaring) moet ook meer betrokke raak met hul diere inspekteurs om boere by te staan waar hul probleme ondervind met honde wat op hul plase jag.


## 4. MENTIMETER VRAELYS MET GEDETAILEERDE ANTWOORDE:

### 4.1 <u>Ondervind u 'n probleem rakende onwettige jag van honde op u plaas</u>?




447 van 533 respondente het gemeld dat hul probleme ondervind tov onwettige jag met honde op hul plase (83.86%)

### 4.2 <u>Hoe gereeld ondervind u die probleem</u>?




Oorgrote meerderheid van boere ondervind weekliks probleme, 216/467 (46.25%)

Amper 30% (29.33%) van boere ondervind maandeliks probleme

Dus, meer as 75% (drie kwart) van boere ondervind per maand probleme

### 4.3 Hoeveel insidente het u gedurende die inperkingsperiode (26 Maart tot 31 Mei 2020) op u plaas(e) gehad? Meld die getal.

Die volgende tabel reflekteer die antwoorde bekom vanaf respondente rakende hoeveel insidente/gevalle gedurende die inperkings periode op hul plase voorgekom het (26 Maart tot 31 Mei 2020):

| GETAL RESPONDENTE | GETAL GEVALLE/ INSIDENTE | TOTAAL |
|---|---|---|
| 12 | 1 - 4 | 25 |
| 15 | 5 - 9 | 99 |
| 17 | 10 – 19 | 216 |
| 9 | 20 - 29 | 194 |
| 4 | 30 - 50 | 156 |
| 6 | Daagliks, sporadies, naweke | 68 |
| 5 | 4 - 6 per maand | 10 – 15 |
| **TOTAAL** | | **768 - 773** |

Dit wil voorkom asof boere wat aan die opname deelgeneem het, aangedui het dat hul gedurende die inperkings periode van 9 weke tussen meer as 768 onwettige jag met honde insidente op hul plase in die Vrystaat beleef het.

### 4.4 Hoeveel insidente het u die jaar al ondervind? Meld die getal.

Die volgende antwoorde in die onderstaande tabel is vanaf respondente bekom:

| GETAL RESPONDENTE | GETAL GEVALLE/I INSIDENTE | TOTAAL |
|---|---|---|
| 17 | 1 - 4 | 44 |
| 17 | 5 - 9 | 119 |

| | | |
|---|---|---|
| 19 | 20 - 29 | 228 |
| 4 | 30 - 39 | 127 |
| 2 | 40 - 49 | 80 |
| 10 | 50 - 99 | 636 |
| 4 | Meer as 100 | 420 plus |
| **TOTAAL** | | **1654** |


Boere/respondente in die Vrystaat meen dat hul meer as 1654 insidente / misdade wat betref die onwettige jag met honde op hul plase ervaar het in 'n jaar periode.

### 4.5 Hoeveel oortreders (persone) is gewoonlik op een slag betrokke?

Oorgrote meerderheid van boere meld dat 3-5 persone die misdaad pleeg (63.94%)

In 8.91% is 6-10 persone die oortreders

Dus, amper 75% (74.42%) dui aan dat groepe vanaf 3 tot 10 en meer die misdaad pleeg





### 4.6 Hoeveel honde is gewoonlik op een slag betrokke daarby?


Oorgrote meerderheid van boere meld dat 3-5 honde gebruik word (48.97%)

In 32.56% is 6-10 honde gebruik

Dus meer as 75% dui aan dat 3 tot 10 en selfs meer op een slag in die tipe misdaad gebruik word





## 4.7 Daag die oortreders per voet of per voertuig op u plaas op?




Oorgrote meerderheid van jagters daag per voet op by plase (86.67%)

In 13.33% van insidente word voertuie ook gebruik – moontlik om die jagters op en af te laai, voor en na die jag

### 4.8 Is daar enige minderjariges/kinders betrokke by die pleging van die misdaad?




Oorgrote meerderheid van boere meld dat kinders / minderjariges betrokke is by die pleging van die misdaad (61.34%)

150 boere het aangetoon dat daar nie minderjariges betrokke is nie

Indien ja, wat gebeur met die kinders as hul gevang word?


Die onderstaande antwoorde is verskaf deur respondente op wat met kinders/minderjariges gebeur indien hul gevang word:

- Die Polisie laat die kinders vry in die sorg van hulle ouers, hul meld dat die kinders nie aangehou kan word en voor die hof gebring word nie (58)
- Die kinders is onder die ouderdom van 16 jaar oud en dus minderjarig, hul kan aldus die polisie nie vervolg word nie (11)
- Boere meld sake aan by die Polisie stasie, maar die Polisie daag nie op nie, woon nie die klagte by nie (3)
- Die Polisie reageer na die misdaad toneel, neem die kinders wat misdade gepleeg het weg, die klaer weet nie wat verder gebeur met die saak nie omrede hy/sy nie terugvoer ontvang nie, moontlik vind daar geen ondersoek verder plaas nie (10)
- Boer/klaer laat self die kinders vry, kinders word gewaarsku om nie weer sodanige insidente te pleeg nie, klaer wil nie vervolging instel teen kinders nie (4)
- Onseker/nie van toepassing (64)


### 3.10 Watter tyd van die dag / nag vind die onwettige jag plaas?

53.27% van boere meld dat die oorgrote meerderheid van jag vind gedurende nagtelike ure plaas

200 (46.73%) het aangedui dat dit ook gedurende die dag plaasvind




## 3.11 Word baie van die insidente oor naweke gepleeg?




Die oorgrote meerderheid van boere/ respondente meld dat die tipe misdaad oor naweke plaasvind (84,74%) op hul plase

## 3.12 Is daar spesifieke maande van die jaar wat problematies is? Indien wel, meld dit.

Die onderstaande antwoorde is bekom vanaf respondente welke onwettige jag met honde seisoen gebonde is, al dan nie:

- Onwettige jag met honde vind deur die jaar plaas, enige maand van die jaar (32);
- Die meeste boere / respondente het gemeld dat dit gedurende die somer of lente plaasvind (22), terwyl 13 respondente gemeld het dat dit gedurende herfs en winter plaasvind;
- Daar is ook gemeld dat dit gedurende skool vakansies plaasgevind (13) en veral tydens volmaan periodes (13);
- Dat dit oor naweke en veral langnaweke plaasvind (5).

## 3.13 Wat is volgens u mening die rede vir die onwettige jag met honde?

Die volgende antwoorde is deur respondente genoem op redes waarom onwettige jag met honde op hul plase plaasvind:


- Daar is hongersnood onder die swart bevolking, ŉ honger vir vleis en kos (110);
- Trofee gedrewe jag met geld vir honde wat die meeste wild vang, is hier ter sprake, dit het ŉ tipe van ŉ sport veral onder die swart gemeenskappe geword en word gesien as ŉ tipe van tradisie / kultuur en ook ŉ tipe van tydverdryf en avontuur, dit is dus georganiseerde jag dmv vraag en aanbod, afsetgebied vir vleis van wilde diere, dus georganiseerd (99);
- Oortreders sien dit as verdere manier om misdade op plase te pleeg / geleentheid om te observeer en wat alles op plase beskikbaar is, veral veediefstal waar pasgebore kalwers/lammetjies gesteel word, dat dit verband hou met ŉ tipe van wetteloosheid, dus geen respek vir die handhawing van spesifieke wette asook die privaat grond van ŉ boer nie asook die stroping van wilde diere en uitwissing daarvan (60);
- Werkloosheid op die platteland speel ŉ rol (28);
- Sommige korrupte SAPD lede is betrokke by die onwettige jag met honde (3).

### 3.14 <u>Vind die tipe misdaad op ŉ georganiseerde wyse plaas? Indien ja, meld waarom?</u>

Die volgende antwoorde is deur respondente verskaf welke onwettige jag met honde op ŉ georganiseerde wyse plaasvind:

- Ja, daar word in groepe gejag, vleis word verkoop omrede daar ŉ mark daarvoor is, groepe persone en honde word met voertuie op- en afgelaai veral op plase wat ver van dorpe geleë is, partykeer is werkers veral op veeposte en waar hul weet die eienaar nie gereeld besoek aflê nie ook betrokke, groot getalle persone en honde is hierby betrokke, partykeer is jagters gewapen met knopkieries, pangas en selfs vuurwapens, vleis wat op die manier bekom word, word op WhatsApp groepe geadverteer, die honde is goed opgelei en daar is geld betrokke vir honde wat die meeste wild vang (137)
- Nee (92)
- Weet nie / onseker (33)

### 3.15 <u>Wanneer ŉ insident plaasvind, word dit aan die polisie gerapporteer?</u>




Die oorgrote meerderheid van boere/ respondente meld nie die misdaad by die polisie aan nie (55.36%)

Daar is wel 154 wat aangetoon het dat hul dit aangemeld het

### 3.16 Indien nie, wat is die rede hoekom die polisie nie ontbied word nie?

Die volgende antwoorde is deur respondente gemeld oor waarom die polisie nie ontbied word na sodanige misdade toe nie:

- Polisie neem te lank om op te daag (reaksietyd), hul het nie altyd voertuie nie, hul is tydsaam en verdagtes is alreeds weg wanneer hul opdaag, baie keer sien polisiebeamptes dit nie as 'n misdaad of 'n ernstige misdryf nie, in sekere gevalle wil hul nie uitkom nie (46)
- Polisie wil nie optree teen die jagters nie, hul laat die jagters en honde vry, hul doen geen of weinige ondersoek rakende die aangeleentheid nie (46)
- Boere voel dat dit 'n mors van tyd is om die polisie te skakel, dis net 'n rompslomp, en hul vertrou nie die polisie nie (28)
- Polisie daag nie op nadat hul gekontak is nie, hul stel nie belang in sodanige sake nie (23)
- Partykeer daag polisie op, hul meld daar is te min bewysstukke om jagters aan te kla of te vervolg, waarsku dus slegs die jagters, partykeer vat dit te lank om saak te open in die GDS te open, die polisie verwyder die jagters vanaf die plaas net om hulle 'n paar dae later weer in die area met honde te sien beweeg (26)
- Polisie is self betrokke by die pleging van die misdaad, hul neem vleis in besit as moontlik bewysstukke en dan verkoop hul moontlik dit self (13)
- Boer sien eers baie keer die volgende oggend die spore van jagters in sy veld (11)
- Boer hanteer die situasie met die jagters self, deels agv die polisie se reaksie en onvermoë om die misdaad aan te spreek (8)
- Polisie laai kinders/minderjariges af in die sorg van hul ouers (7)

### 3.17 Watter diere word geteiken in die onwettige jag met honde?

In onwettige jag met honde word die volgende klein wild veral geteiken, aldus respondente:

- Klein wildsbokkies (306 – 91.1%)
- Hasies (261 – 77.68%)
- Vlakvarke/ystervarke (255 – 75.89%)
- Ander (113 – 33.64%)
- Skape, Kalfies en Boer bokke (140 – 41.66%)





Die oorgrote meerderheid van boere meld dat wilds bokkies die meeste geteiken word deur jagters met honde (91.1%)

Dit word gevolg deur hasies (77.68%) en vlakvarke/ ystervarke (75.89%)

## 3.18 Enige ander misdade wat met onwettige jag gepaard gaan?

Aldus boere/respondente, word die volgende misdade gepleeg tesame met onwettige jag met honde op plase:

- Betreding (291 – 87.39%);
- Kwaadwillige saakbeskadiging (205 – 61.56%) wat gewoonlik gepaard gaan met knip van drade/heinings;
- Wild diefstal (185 – 55.55%) van klein wildsbokkies, hasies, vlakvarke/ystervarke;
- Veediefstal (156 – 46.85%) wat verband hou met diefstal van skape, boer bokke en kalfies;
- Aanranding (12 – 3.60%) wanneer boer die jagters konfronteer en daar dreigemente ter sprake kom;
- Ander (52 – 15.62%).




Die oorgrote meerderheid van boere meld dat betreding verband hou met die misdaad (87.39%)

Ander misdade is KBE (61.56%), wild diefstal (55.55%) en veediefstal (46.85%)

### 3.19 <u>Wat gebeur indien u as boer die jagters konfronteer?</u>


Die volgende antwoorde word deur die respondente wanneer boere die jagters self konfronteer:

- Jagters koggel die boer en hardloop weg (61)
- Jagters raak baie arrogant, aanmatigend, selfversekerd dat hul niks gaan oorkom as polisie opdaag nie, hul maak soos hul wil (54)
- Jagters dreig boer wat hul konfronteer met wraak en selfs die dood, gaan gepaard met uitsprake van rassisme, jagters raak aggressief en gewoonlik ontstaan 'n konflik situasie (37)
- Jagters ontken dat hul iets verkeerd gedoen het, hul het nie geweet dit is die boer se privaat grond/eiendom nie, hul dink nie hul doen iets verkeerd nie, belowe om dit nie weer te doen nie, hul is partykeer oppad na ander plaas/gronde om te jag (34)
- Die boer skakel die polisie en hou die jagters daar totdat die polisie opdaag, skakel veiligheids verteenwoordiger van Boere Vereniging vir nodige hulp en bystand (14)
- Jagters maak vals beskuldiging teen boer as polisie opdaag dat boer vuurwapen op hul gerig en aangerand het (6)
- Polisie arresteer jagters, neem hul weg, om hul net later vry te laat, jagters meld dat dit hul tradisie is en hul jag vir kos (4)
- Boer skiet die honde waar jagters dit nie sien nie (4)
- Boere kry partykeer die jagters in openbare grondpad, kan niks aan hul doen nie (3)

Die oorgrote meerderheid van boere/ respondente meld dat hul tussen R1000 tot R5000 per maand verloor agv die tipe misdaad (39.12%)

71 (22.4%) verloor tussen R5000 tot R10 000 per maand

### 3.20 Wat is die verliese in randwaarde wat u ondervind per maand?




Die volgende tabel bevat kortliks die verliese wat boere lei agv die tipe misdaad:


| GETAL RESPONDENTE | VERLIESE IN RANDWAARDE | TOTALE VERLIESE |
|---|---|---|
| 122 | R1 000 | R122 000 |
| 124 | R1 000 – R5 000 | R124 000 tot R620 000 |
| 44 | R5 000 – R10 000 | R220 000 tot R440 000 |
| 27 | R10 000 en meer | R270 000 en meer |
| **TOTAAL** | | **R736 000 tot R1.452 miljoen** |

Dit wil voorkom asof 317 boere/respondente gemeld het dat hul jaarliks verliese lei agv die onwettige jag met honde op hul plase van tussen R736 000 tot R1.452 miljoen. Die boere verteenwoordig 10% van VL se lede, wat beteken dat werklike verliese agv die tipe misdaad honderde miljoene rand per jaar kan beloop. Die groot impak lê in die stroping en uitwissing van sekere groeperinge klein wild.

### 3.21 In terme van misdade op landbougrond, is onwettige jag met honde 'n groot probleem in u area?


Die oorgrote meerderheid van boere/ respondente 174/324 meld dat die tipe misdaad by 'n groot probleem in hul area is (53.7%)

123/324 boere het gemeld dat dit 'n matige probleem is (37.96%)




### 3.22 Is die Polisie suksesvol om die tipe misdaad aan te spreek?

Die oorgrote meerderheid van boere/ respondente meen dat die polisie nie die tipe misdaad aanspreek nie (95.03%)





### 3.23 Word daar enigsins op misdaadvoorkomingsoperasies gefokus om die misdaad aan te spreek?

Die oorgrote meerderheid van boere/ respondente meld dat die polisie nie misdaad voorkomings operasies op die tipe misdaad verrig nie (67.71%)





**3.24 Is die DBV betrokke in u area by die tipe misdaad (vang en skut van honde)?**

Die oorgrote meerderheid van boere/ respondente meld dat die DBV nie betrokke is by die skut van honde in hul area nie (86.16%)




**3.25 Was daar enige skuldigbevindings gewees in u area tov die misdaad?**


Die oorgrote meerderheid van boere/ respondente meld dat daar nie skuldig bevindinge in howe is op die tipe misdaad nie (88.61%)




**3.26 Indien sake geopen word, watter klagtes is ter sprake? Meld dit.**

Die klagtes wat die meeste geopen moet word deur die polisie itv die onwettige jag met honde:

- Betreding (90.715);
- Kwaadwillige Saakbeskadiging (39.29%);
- Veediefstal (36.78%) en
- Wet op Dierebeskerming (34.64%).




Die oorgrote meerderheid van boere meld dat klagtes ter sprake moet wees Betreding (90.71%) gevolg deur Kwaadwillige saakbeskadiging (39.29%), Veediefstal (36.78%) en Wet op Dierebeskerming (34.64%)

### *3.27* **<u>Wat moet gedoen word om die probleem effektief aan te spreek</u>**?

Die volgende antwoorde is verskaf deur die respondente oor wat gedoen moet word om die onwettige jag met honde probleem effektief aan te spreek:

- Polisie moet hul werk behoorlik doen, die bestaande wetgewing toepas, arresteer die jagters, konfiskeer hul voertuie, doen volledige ondersoek van misdaad en bring hul voor hof, moet misdaad voorkomings operasies/patrollies ry ook in samewerking met boere asook opleiding kry oor hoe om die probleem effektief aan te spreek, informante netwerk uitgebrei word ter voorkoming van die tipe misdaad, korrupte SAPD lede wat betrokke is moet aangekla en geskors word (131)
- Die howe moet jagters skuldig bevind en nie net boetes oplê nie, swaarder strawwe/vonnisse moet as afskrikmiddel dien om nie die tipe misdaad te pleeg nie, jagters moet aanspreeklik gehou word vir skade aangerig (64)
- Boere moet die honde kan skiet wanneer daar besig is om in hul veld te jag, dus toestemming van owerhede bekom en ook die nodige waarskuwings borde oprig, boere moet insidente rapporteer, voorgaan met saak en dit deurvoer en dit gevolglik nie terugtrek nie, boer moet nie toestemming verleen aan werkers en hul kennisse om op plase te jag nie, daar moet eenvormig opgetree word (34)

- Honde moet deur DBV gevang en geskut word, eienaars moet aangekla word en hof toe geneem word (24)
- Munisipaliteite moet hondebelasting en permitte vir honde effektief met bywette reguleer en hondejag moet verbied word (21)
- Sekere respondent is nie seker nie oor hoe om die misdaad effektief aan te spreek nie (13)
- Bewusmaking moet in media plaasvind dat swart gemeenskappe ingelig word dat dit 'n misdaad is om onwettig met honde op 'n boer se plaas te jag en dat hul privaat grond/eiendom as sulks moet respekteer (12)
- Meer hulpbronne veral tov Natuurbewaring moet beskikbaar gestel word, wat gepaard gaan met die toepassing van wetgewing (tipe reaksie eenheid wat tot stand gebring moet word) (12)
- Kamerastelsels moet op hoof toegangs- en uitgangsroetes in Landelike gebiede/boerdery gemeenskappe geplaas word om probleem aan te spreek (7)
- Regering moet werkloosheid effektief aanspreek, anders gaan die tipe misdaad voortgaan (4)